Apostoliese geloofsbelydenis

1. Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
2. En in Jesus Christus, Sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
3. wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,
4. gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
5. wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
6. wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader,
7. van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
8. Ek glo in die Heilige Gees.
9. Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
10. die vergewing van sondes;
11. die opstanding van die vlees
12. en 'n ewige lewe.

DIE GROOTSTE VRAAG UIT DIE HEMEL

Vir Bybelstudie die week, dis nie baie werk nie, maar dis baie belangrik, kom bietjie by 'n antwoord uit, bid daaroor, en glo wat jy uitwerk, die Heilige Gees sal jou leiding gee, vertrou Hom! Lees:

Markus 1: 7	**sê Johannes**
Markus 1 :11	**sê die Stem**
Markus 2 :7	**sê die Skrifgeleerdes**
Markus 3 :21	**sê sy broers**
Markus 4 :41	**wonder Sy dissipels**
Markus 9:34	**en begryp nie**
Markus 8: 27	**besluit die mense klaar**
Markus 8 :29	**"U is Christus" bely Petrus**
Markus 8:29	**+ u? "wie, sê julle is Ek?"**
Markus 9: 7	**antwoord!, die stem uit die wolk!**
Markus 9:24	**"Ek glo" roep die seun se pa... "Ek glo, help my ongeloof."**

Markus 11: 45 "Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Markus 12:29 "Luister Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag..."